OLD*	NUUT***	OLD	NUUT	OLD	NUUT	OLD	NUUT	OLD	NUUT		
NVT	MUSM4814	NVT	16	NVT	8	NVT	1	NVT	4	2014	Soos per departementele reëling
NVT	MUSP4704	NVT	16	NVT	7	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSK4704	NVT	16	NVT	7	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSO4704	NVT	16	NVT	7	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSC4704	NVT	16	NVT	7	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSF4704	NVT	16	NVT	7	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSI4704	NVT	16	NVT	7	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSP4809	NVT	36	NVT	8	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSP4807	NVT	28	NVT	8	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSP4818	NVT	32	NVT	8	NVT	1	NVT	4	2014	
NVT	MUSP4828	NVT	32	NVT	8	NVT	2	NVT	4	2014	
NVT	MUSM4804	NVT	16	NVT	8	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSM4816	NVT	24	NVT	8	NVT	1	NVT	4	2014	
NVT	MUSM4826	NVT	24	NVT	8	NVT	2	NVT	4	2014	
NVT	MUSS4808	NVT	16	NVT	8	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSS4816	NVT	24	NVT	8	NVT	1	NVT	4	2014	
NVT	MUSS4836	NVT	24	NVT	8	NVT	1	NVT	4	2014	
NVT	MUSS4826	NVT	24	NVT	8	NVT	2	NVT	4	2014	
NVT	MUSS4846	NVT	24	NVT	8	NVT	2	NVT	4	2014	
NVT	MUSE4808	NVT	16	NVT	8	NVT	0	NVT	4	2014	
NVT	MUSE4816	NVT	24	NVT	8	NVT	1	NVT	4	2014	
NVT	MUSE4826	NVT	24	NVT	8	NVT	2	NVT	4	2014	
NVT	MUST4804	NVT	16	NVT	8	NVT	0	NVT	4	2014	

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE: OORSKAKELING VAN OU 6-SYFER MODULEKODES NA NUWE 8-SYFER MODULEKODES
Alfabetiese lys van vakke

MODULEKODE		KREDIETE		NKR VLAK		SEMESTER		AKADEMIESE JAAR		OORBRUGGINGS- JAAR & JAAR VAN IMPLIMENTERING: NUWE KODE	** OORBRUGGINGSREël
OUD*	NUUT***	OUD	NUUT	OUD	NUUT	OUD	NUUT	OUD	NUUT		
NVT	MUST4813	NVT	12	NVT	8	NVT	1	NVT	4	2014	Soos per departementele reëling
NVT	MUST4833	NVT	12	NVT	8	NVT	1	NVT	4	2014	
NVT	MUST4823	NVT	12	NVT	8	NVT	2	NVT	4	2014	
NVT	MUST4843	NVT	12	NVT	8	NVT	2	NVT	4	2014	
NVT	MUSP1604	NVT	16	NVT	6	NVT	0	NVT	1	2014	
NVT	MUSP2604	NVT	16	NVT	6	NVT	0	NVT	1	2014	
Musiek modules vir diploma doeleindes											
LAS112	MUSK1512	8	8	5	5	1	1	1	1	2015	C
LAS122	MUSK1522	8	8	5	5	2	2	1	1	2015	C
SMS113	MUSS1513	12	12	5	5	1	1	1	1	2015	C
SMS123	MUSS1523	12	12	5	5	2	2	1	1	2015	C
IMS232	MUSE1512	8	8	5	6	1	1	2	1	2015	C
IMS242	MUSE1522	8	8	5	6	2	2	2	1	2015	C
PMS112 & PMS122	MUSA1504	8+8	16	5	5	1&2	0	1	1	2015	C
CMS112	MUSH1512	8	8	5	5	1	1	1	1	2015	C
CMS122	MUSH1522	8	8	5	5	2	2	1	1	2015	C
CMS212	MUSH2612	8	8	6	6	1	1	2	2	2015	C
CMS222	MUSH2622	8	8	6	6	2	2	2	2	2015	C
LAS212	MUSK2612	8	8	6	6	1	1	2	2	2015	C
LAS222	MUSK2622	8	8	6	6	2	2	2	2	2015	C
SMS252	MUSS2613	8	12	6	6	1	1	2	2	2015	C
SMS262	MUSS2623	8	12	6	6	2	2	2	2	2015	C

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE: OORSKAKELING VAN OU 6-SYFER MODULEKODES NA NUWE 8-SYFER MODULEKODES
Alfabetiese lys van vakke

MODULEKODE		KREDIETE		NKR VLAK		SEMESTER		AKADEMIESE JAAR		OORBRUGGINGS- JAAR & JAAR VAN IMPLIMENTERING: NUWE KODE	** OORBRUGGINGSREËL
OLD*	NUUT***	OLD	NUUT	OLD	NUUT	OLD	NUUT	OLD	NUUT		
IMS212	MUSE2612	8	8	5	6	1	1	2	2	2015	C
IMS222	MUSE2622	8	8	5	6	2	2	2	2	2015	C
MTC213 & MTC223	MUST2604	12+12	16	5	6	1+2	0	2	2	2015	C
ONTWIKKELINGSMODULES IN DIE FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE											
AFA108	AGAH1508	32	32	4	5	Y	Y	1	1	2015	Soos per departementele reëling
AFA208	AGAH2508	32	32	5	5	Y	Y	2	2	2015	C
ALC108	EALH1508	32	32	4	5	Y	Y	1	1	2015	Soos per departementele reëling
ALH208	EALH2508	32	32	5	5	Y	Y	2	2	2015	C
MTH108	MTDH1508	32	32	4	5	Y	Y	2	2	2015	Soos per departementele reëling
VBL108	SCLL1508	32	32	4	5	Y	Y	1	1	2015	Soos per departementele reëling
POLITIEKE WETENSKAP											
PTW114	POLS1514	16	16	5	5	1	1	1	1	2015	C
PTW124	POLS1524	16	16	5	5	2	2	1	1	2015	C
PTW144	POLS1544	16	16	5	5	2	2	1	1	2015	C
PTW214	POLS2614	16	16	6	6	1	1	2	2	2015	C
PTW234	POLS2634	16	16	6	6	1	1	2	2	2015	C
PTW224	POLS2624	16	16	6	6	2	2	2	2	2015	C
PTW244	POLS2644	16	16	6	6	2	2	2	2	2015	C
PTW314	POLS3714	16	16	7	7	1	1	3	3	2015	C
PTW334	POLS3734	16	16	7	7	1	1	3	3	2015	C
PTW324	POLS3724	16	16	7	7	2	2	3	3	2015	C

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE: OORSKAKELING VAN OU 6-SYFER MODULEKODES NA NUWE 8-SYFER MODULEKODES
Alfabetiese lys van vakke

MODULEKODE		KREDIETE		NKR VLAK		SEMESTER		AKADEMIESE JAAR		OORBRUGGINGS- JAAR & JAAR VAN IMPLIMENTERING: NUWE KODE	** OORBRUGGINGSREël
OLD*	NUUT***	OLD	NUUT	OLD	NUUT	OLD	NUUT	OLD	NUUT		
PTW344	POLS3744	16	16	7	7	2	2	3	3	2015	C
SAMELEWINGSDIENSLEER MODULES											
HCSL3704	HCSL3704	16	16	7	7	Y	Y	3	3	2015	C
SDL314	NVT	16	NVT	7	NVT	1	NVT	3	NVT	2014	B (Diskontinueer) ¹
SDL324	GOVE3724	16	16	7	7	2	2	3	3	2015	C
¹ Module diskontinueer. Studente wat steeds hierdie module vir hul kwalifikasies benodig, sal aan die hand van hul hoofvakke adviseer word.											
SESOTHO											
Sesotho (Moedertaal) (Studente wat Sesotho in Graad 12 geneem het mag Sesotho moedertaal of Sesotho nie-moedertaal modules neem)											
SSM112	SSML1514	8	16	5	5	1	1	1	1	2015	B
SSM122		8		5		2		1			
SSM132	SSMT1524	8	16	5	5	1	2	1	1	2015	B
SSM142		8		5		2		1			
SSM212	SSML2614	8	16	6	6	1	1	2	2	2016	B
SSM222		8		6		2		2			
SSM232	SSMT2624	8	16	6	6	1	2	2	2	2016	B
SSM242		8		6		2		2			
SSM312	SSML3718	8	32	7	7	1	1	3	3	2017	B
SSM322		8		7		2		3			
SSM332	SSMT3728	8	32	7	7	1	2	3	3	2017	B
SSM342		8		7		2		3			

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE: OORSKAKELING VAN OU 6-SYFER MODULEKODES NA NUWE 8-SYFER MODULEKODES
Alfabetiese lys van vakke

MODULEKODE		KREDIETE		NKR VLAK		SEMESTER		AKADEMIESE JAAR		OORBRUGGINGS- JAAR & JAAR VAN IMPLIMENTERING: NUWE KODE	** OORBRUGGINGSREël
OUD*	NUUT***	OUD	NUUT	OUD	NUUT	OUD	NUUT	OUD	NUUT		
Sesotho (Nie-moedertaal) (Studente met geen vooraf ervaring in Sesotho, moet Sesotho nie-moedertaal modules neem)											
SSO112	SSOL1514	8	16	5	5	1	1	1	1	2015	B
SSO132		8		5		1		1			
SSO122	SSOL1524	8	16	5	5	2	2	1	1	2015	B
SSO142		8		5		2		1			
SSO212	SSOL2614	8	16	6	6	1	1	2	2	2016	B
SSO232		8		6		1		2			
SSO222	SSOL2624	8	16	6	6	2	2	2	2	2016	B
SSO242		8		6		2		2			
SSO312	SSOL3714	8	16	7	7	1	1	3	3	2017	B
SSO332		8		7		1		3			
SSO322	SSOL3724	8	16	7	7	2	2	3	3	2017	B
SSO342		8		7		2		3			
SIELKUNDE											
PSY112	PSIN1514	8	16	5	5	1	1	1	1	2015	B
PSY152		8		5		1		1			
PSY124	PSIH2724	16	16	6	7	2	2	1	2	2016	B
PSY212	PSPA3714	8	16	6	7	1	1	2	3	2017	B
PSY232	PSPE3724	8	16	6	7	1	2	2	3	2017	B
PSY224	PSDE1624	16	16	7	6	2	2	2	1	2015	B
PSY312	PSSO2614	8	16	7	6	1	1	3	2	2016	B
PSY332	PSTH3724	8	16	7	7	1	2	3	3	2017	B

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE: OORSKAKELING VAN OU 6-SYFER MODULEKODES NA NUWE 8-SYFER MODULEKODES
Alfabetiese lys van vakke

MODULEKODE		KREDIETE		NKR VLAK		SEMESTER		AKADEMIESE JAAR		OORBRUGGINGS- JAAR & JAAR VAN IMPLIMENTERING: NUWE KODE	** OORBRUGGINGSREël
OUD*	NUUT***	OUD	NUUT	OUD	NUUT	OUD	NUUT	OUD	NUUT		
PSY324	PSRM3714	16	16	7	7	2	1	3	3	2017	C ¹
¹ Alhoewel oorbruggingsreël C van toepassing is, sal dit eers in 2017 implementeer word as gevolg van die verandering in semesters.											
SOSIOLOGIE											
SOS114	SOCI1514	16	16	5	5	1	1	1	1	2015	C
SOS124	SOCI1624	16	16	5	6	2	2	1	1	2015	A
SOS214	SOCC2614	16	16	6	6	1	1	2	2	2016	B ¹
SOS234	SOCF2614	16	16	6	6	1	1	2	2	2015	C
SOS244	SOCP2624	16	16	6	6	2	2	2	2	2015	C
SOS224	SOCI2624	16	16	6	6	2	2	2	2	2015	C
SOS314	SOCR3718	16	32	7	7	1	1	3	3	2017	B
SOS324	SOCR3728	16	32	7	7	2	2	3	3	2017	B
¹ Oorbruggingsreël B is van toepassing, a.g.v. verandering in inhoud en uitkomste van die module											
SUID-AFRIKAANSE GEBARETAAL											
GBT114	SASL1514	16	16	5	5	1	1	1	1	2015	C
GBT124	SASL1524	16	16	5	5	2	2	1	1	2015	C
GBT214	SASL2614	16	16	6	6	1	1	2	2	2015	C
GBT224	SASL2624	16	16	6	6	2	2	2	2	2015	C
GBT314	SASL3718	16	32	7	7	1	1	3	3	2017	B
GBT324	SASL3728	16	32	7	7	2	2	3	3	2017	B
TAALPRAKTYK											
TPP114	HLAP1524	16	16	5	5	1	2	1	1	2016	B
TPP124		16		5		2		1			
TPP144	HLAP1514	16	16	5	5	2	1	1	1	2016	C

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE: OORSKAKELING VAN OU 6-SYFER MODULEKODES NA NUWE 8-SYFER MODULEKODES
Alfabetiese lys van vakke

MODULEKODE		KREDIETE		NKR VLAK		SEMESTER		AKADEMIESE JAAR		OORBRUGGINGS- JAAR & JAAR VAN IMPLIMENTERING: NUWE KODE	** OORBRUGGINGSREël
OUD*	NUUT***	OUD	NUUT	OUD	NUUT	OUD	NUUT	OUD	NUUT		
TPP224	HLAP2624	16	16	6	6	2	2	2	2	2017	B
TPP234		16		6		1		2			
TPP244	HLAP2614	16	16	6	6	2	1	2	2	2017	B ¹
TPP334	HLAP3718	16	32	7	7	1	1	3	3	2018	B
TPP314	HLAP3728	16	32	7	7	1	2	3	3	2018	B
TPP364		16		7		2		3			
¹ Oorbruggingsreël B is van toepassing, a.g.v. verandering in inhoud en uitkomste van die module											
VAARDIGHEIDSMODULE											
ABV112	NVT	8	NVT	5	NVT	1	NVT	1	NVT	2015	B (Diskontinueer) ¹
¹ 2015 sal die laaste jaar wees waarin studente vir ABV112 kan registreer.											
ZULU Zulu word slegs op die QwaQwa kampus aangebied											
ZULL152	ZULL1514	16	16	5	5	1	1	1	1	2014	C
ZULT152	ZULT1524	16	16	5	5	2	2	1	1	2014	C
NVT	ZULL2614	NVT	16	NVT	6	NVT	1	NVT	2	2014	C
NVT	ZULT2624	NVT	16	NVT	6	NVT	2	NVT	2	2014	C
NVT	ZULL3718	NVT	32	NVT	7	NVT	1	NVT	3	2015	C
NVT	ZULT3728	NVT	32	NVT	7	NVT	2	NVT	3	2015	C

BA PROGRAM

BACCALAUREUS ARTIUM

Kwalifikasie	Min. Studie periode	Afkorting	Studiekode	Uittreevlak
Baccalaureus Artium	3 jaar	BA	1300	NKR 7
Krediete:				
Kurrikulum				384
UFS101				16
CSIL1511				4
Totale krediete:				404

1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Die Baccalaureus Artium-graad is 'n algemeen vormende program en is veral van waarde vir loopbane waar 'n kultureel-ontwikkelde perspektief van belang is. Hierdie program bied ook aan studente wat in 'n spesifieke dissipline wil spesialiseer waardevolle agtergrondkennis en geesteswetenskaplike vorming wat hom/haar in staat stel om leiding in die arbeidsmark te kan neem.

2. TOELATINGSVEREISTES

Die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het met 'n minimum toelatingspunt (TP) van 30 en onderrigtaal van keuse (Afrikaans of Engels) met minimum prestasievlak 4 (50%).

OF

Moet 'n student in besit wees van 'n geëndosseerde Senior Sertifikaat en 'n M-telling van 30 punte;

Studente wat van voorneme is om vir enige module in Ekonomie, Geografie of Wiskunde in te skryf moes Wiskunde Graad 12 Prestasievlak 4 (50%) geslaag het.

2.1 Vorderingsreël

Die vereistes om voort te gaan is soos volg:

- In die eerste studiejaar moet studente 35% van die eerstejaarsmodules slaag om tot die tweede studiejaar toegelaat te word.
- In die tweede studiejaar moet studente minstens 45% van die tweedejaarsmodules slaag om tot die volgende studiejaar toegelaat te word.
- In alle ander studiejaar moet studente minstens 60% van die modules in daardie spesifieke studiejaar slaag om tot die volgende studiejaar toegelaat te word.
- Waar 'n student nie kwalifiseer om met die volgende jaar se studies te begin nie, moet die student vir die ontbrekende modules registreer en die betrokke akademiese jaar herhaal, en die student kan, met toestemming van die dekaan, 'n maksimum aantal modules by die volgende jaar se studies voeg wat, altesaam, nie meer mag wees as 'n totaal van 32 krediete meer as die normale kurrikulumvereistes vir die program in 'n spesifieke studiejaar nie.
- Voordat studente toegelaat sal word om met die volgende studiejaar van die program in die opvolgende kalenderjaar voor te gaan, moet studente wat 'n studiejaar herhaal, voldoen aan die vereistes in terme van die persentasies van modules gespesifiseer in paragrawe (a), (b) en (c).

2.2 Nasionale Vaardigheidstoetse (NVT)

'n Voornemende student wat vir 'n eerste kwalifikasie registreer, moet vooraf die Akademiese en Kwantitatiewe Geletterdheidstoets aflê. Indien daar nie aan die gestelde vereistes van die Nasionale Vaardigheidstoetse voldoen is nie (Akademiese Geletterdheid $\geq 64\%$), of die uitslae daarvan nie voorgelê kan word nie, sal registrasie vir die toepaslike taalontwikkelingsmodule (EALH1508/AGAH1508) verpligtend wees. Die krediete van hierdie module is addisioneel tot die krediete van die kwalifikasie. 'n Kwalifikasie word nie toegeken indien die verpligte ontwikkelingsmodule nie geslaag is nie.

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum (bestaande uit 384 krediete oor 3 jaar) word soos volg saamgestel:

- (1) Fundamentele modules: twee verpligte kultuurmodules (16 krediete elke module $2 \times 16 = 32$ krediete).
- (2) Fundamentele modules: studente moet een verpligte taalmodule kies (32 krediete).
- (3) Kernmodules: minstens twee verpligte hoofvakke ('n totaal van minstens 128 krediete in elke vak, $2 \times 128 = 256$ krediete).
- (4) Elektiewe modules: studente moet uit die modules in die onderstaande lys 'n verdere 64 krediete verkry om die 384 krediete te voltooi wat vir die BA-graad voorgeskryf is, in paragraaf 4.1.

Bykomende verpligte modules

- (5) Rekenaargeletterdheid module: (4 krediete)
- (6) UFS101 Verpligte voorgraadse kernmodule (16 krediete).

4. EERSTE STUDIEJAAR (132 krediete)

4.1. Kernmodules (Hoofvakke)

Studente moet twee hoofvakke kies uit Tabel A hieronder (2×32 op eerstejaarsvlak = 64 krediete)

TABEL A (Hoofvakke)	Afrikaans
	Afrikaans en Nederlands
	Antropologie
	Bedryfsielkunde
	Bedryfskommunikasie
	Duits
	Ekonomie
	Engels
	Filosofie
	Frans
	Geografie
	Geskiedenis
	Grieks
	Hebreeus
	Klassieke Studies
	Kommunikasiekunde
	Kriminologie
	Kunsgeskiedenis en Visuele Kultuurstudies
	Latyn
	Linguistiek
	Ondernemingsbestuur
	Politieke Wetenskap
	Sesotho
	Sielkunde
	Sosiologie
	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
	Taalpraktyk
	Wiskunde

(Verwys na die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie reëlboek vir volledige besonderhede van modulekodes vir elke jaar van studie)

4.2. Studente moet een verpligte taalkursus op eerstejaarsvlak kies uit tabel B (32 krediete).

TABEL B (Tale)	Afrikaans
	Afrikaans en Nederlands
	Duits
	Engels
	Engels vaardighede
	Frans
	Grieks
	Hebreeus
	Latyn
	Linguistiek
	Sesotho (moedertaal)
	Sesotho (nie-moedertaal)
	Suid-Afrikaanse Gebaretaal

(Verwys na die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie reëlboek vir volledige besonderhede van modulekodes vir elke jaar van studie)

4.3 Elektiewe modules

Studente moet elektiewe modules ter waarde van 16 krediete kies uit enige vak(ke) gelys onder Tabel A in 4.1.

4.4 Verpligte module (16 krediete)

Kode	Module	Krediete
UFS101	Voorgraadse Kernkurrikulum	16

4.5 Rekenaargeletterdheid

LW Daar word van alle studente verwag om die promoveringstoets in CSIL1511 af te lê vóór die aanvang van die lesings in hul eerste jaar van studie. Studente wat die promoveringstoets met ten minste 70% slaag, sal vrystelling van klasbywoning vir CSIL1511 ontvang, maar moet steeds vir die module registreer. Hierdie module is 'n voorvereiste vir die suksesvolle voltooiing van 'n graad in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat.

Kode	Module	Krediete
CSIL1511	Rekenaargeletterdheid: Deel I	4

5. TWEDE STUDIEJAAR (144 krediete)

5.1 Kernmodules (Hoofvakke)

Studente moet kontinueer met die twee hoofvakke (soos gelys in Tabel A onder punt 4.1) wat in die eerste studiejaar suksesvol voltooi is (2 x 32 krediete op tweedejaarsvlak = 64 krediete)

5.2. Fundamentele modules

5.2.1 Studente moet **twee** kultuurvakke uit die volgende lys kies. Elke vak verteenwoordig 'n module of modules ter waarde van 16 krediete elk (2 x 16 = 32 krediete)

Vak	Kode	Module	Krediete
Antropologie	ANTI1514	Inleiding tot Antropologie	16
	ANTC1624	Kultuur: 'n Begrip van onself en ander	16
Kunsgeskiedenis en Visuele Kultuurstudie	HKGK1514	Beeldinterpretasie in die kunsgeskiedenis	16
	HKWS1624	Die bestudering van visuele kultuur en media	16
Klassieke Mitologie	CSMT1512	Klassieke mites: die ontstaan van mites en skeppingsmites	8
	CSCC1522	Alledaagse lewe in klassieke beskawings	8
	CSMT1532	Klassieke Mites: gode, helde en monsters	8
	CSCC1542	Kuns en argitektuur in klassieke beskawings	8
Geskiedenis	HIST1514	Inleiding tot die twintigste-eeuse geskiedenis van Suid-Afrika en Afrika	16
Politieke Wetenskap	POLS1514	Inleiding tot Politieke Wetenskap	16
Filosofie	FILO1514	Inleiding in filosofie: klassieke Griekse en Romeinse filosofie	16

5.3. Elektiewe modules

Studente moet elektiewe modules ter waarde van 48 krediete kies uit enige vak(ke) gelys onder Tabel A in 4.1.

6. DERDE STUDIEJAAR (128 krediete)

6.1 Kernmodules (Hoofvakke)

Studente moet kontinueer met die twee hoofvakke (gelys in Tabel A) wat in die eerste en tweede studiejaar suksesvol voltooi is. (2 x 64 krediete op derdejaarsvlak = 128 krediete)

BACCALAUREUS ARTIUM (VERLENGDE KURRIKULUM)

Kwalifikasie	Min. Studie periode	Afkorting	Studiekode	Uittreevlak
Baccalaureus Artium (Verlengde Kurrikulum)	4 jaar	BA Verlengde Kurrikulum	1395	NKR 7
Krediete:				
Ontwikkelingsmodules:				128
Kurrikulum: Hoofstroommodules				384
UFS101:				16
CSIL1511				4
Totale krediete:				532

1. INLIGTING EN LOOPBAANGELEENTHEDE

Die Baccalaureus Artiumgraad is 'n algemeen vormende program en is veral van waarde vir loopbane waar 'n kultureel-ontwikkelde perspektief van belang is. Hierdie program bied ook aan studente wat in 'n spesifieke dissipline wil spesialiseer waardevolle agtergrondkennis en geesteswetenskaplike vorming wat hom/haar in staat stel om leiding in die arbeidsmark te kan neem.

2. TOELATINGSVEREISTES

Om tot die BA-Vierjaarkurrikulum toegelaat te word, moet 'n student in besit wees van 'n geëndosseerde Senior Sertifikaat en 'n M-telling van 25-29 punte;

OF

Die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het met 'n toelatingspunt (TP) van 25-29 en onderrigtaal van keuse (Afrikaans of Engels) met minimum prestasievlak 4 (50%).

Studente wat van voorneme is om vir enige module in Ekonomie, Wiskunde of Geografie in te skryf moes Wiskunde Graad 12 Prestasievlak 4 (50%) geslaag het.

LET WEL: Geen aansoeke om toelating tot die verlengde program vir nuweling eerstejaars, sal in die tweede semester van die jaar aanvaar word nie.

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum word soos volg saamgestel en strek oor 'n periode van 4 studiejare:

Ontwikkelingsmodules

- (1) Twee verpligte **ontwikkelingsmodules** (64 krediete) wat in die eerste studiejaar aangebied moet word.
- (2) Twee verpligte **ontwikkelingsmodules** (64 krediete) wat in die tweede studiejaar aangebied moet word.
- (3) 'n Student wat al die ontwikkelingsmodules en hoofstroommodules van 64 krediete geslaag het, kan met goedkeuring van die Dekaan na 'n ander toepaslike hoofstroomprogram artikuleer, mits die minimum tydperk van studie, soos vereis deur die verlengde program nie verkort word nie.

Hoofstroommodules

- (4) Fundamentele modules: Twee verpligte kultuurvakke ('n totaal van 16 krediete in elke vak $2 \times 16 = 32$ krediete)
- (5) Fundamentele modules: 'n Keuse van een verpligte taalvak ('n totaal van 32 krediete)
- (6) Kernmodules: Twee verpligte hoofvakke wat ook 'n taal of tale kan insluit (a totaal van ten minste 128 krediete in elke vak, $2 \times 128 = 256$ krediete).

LET WEL: Dit is nie toelaatbaar om twee hoofvakke van 'n ander program/fakulteit in hierdie program te volg nie.

- (7) Elektiewe modules: 'n Aantal modules ('n minimum van 64 krediete) volgens die student se eie keuse, maar wat op so 'n wyse gekies is dat dit die hoofvakke of kernmodules ondersteun.

Addisionele verpligte modules

- (8) Rekenaargeletterdheid: (4 krediete)
- (9) UFS101: Verpligte voorgraadse kernmodule (16 krediete).

4. EERSTE STUDIEJAAR (132 krediete)

4.1 Verpligte ontwikkelingsmodules [64 krediete]

Kode	Module	Krediete
SCLL1408	Lewenslange Leer	32
EALH1508	Academic Language Course in English	32
OF		
AGAH1508	Afrikaans vir akademiese doeleindes	32

4.2 Elektiewe modules / kernmodules

Studente moet twee vakke (elke vak dra modules ter waarde van 32 krediete) op eerstejaarsvlak kies uit Tabel A hieronder [2 x 32 = 64 krediete]

TABEL A	Antropologie
	Bedryfsielkunde*
	Bedryfskommunikasie
	Filosofie
	Geografie
	Geskiedenis
	Kommunikasiekunde
	Kriminologie
	Kunsgeskiedenis en Visuele Kultuurstudie
	Ondernemingsbestuur*
	Politieke Wetenskap
	Sielkunde
	Sosiologie

(Verwys na die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie reëlboek vir volledige besonderhede van modulekodes vir elke jaar van studie)

*Mag nie in die 1ste jaar van studie geneem word nie. Slegs beskikbaar as 'n keuse vanaf die 2de jaar van studie.

4.3 Rekenaargeletterdheid

LW Daar word van alle studente verwag om die promoveringstoets in CSIL1511 af te lê vóór die aanvang van die lesings in hul eerste jaar van studie. Studente wat die promoveringstoets met ten minste 70% slaag, sal vrystelling van klasbywoning vir CSIL1511 ontvang, maar moet steeds vir die module registreer. Hierdie module is 'n voorvereiste vir die suksesvolle voltooiing van 'n graad in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat.

Kode	Module	Krediete
CSIL1511	Rekenaargeletterdheid: Deel I	4

5. TWEEDE STUDIEJAAR (144 krediete)

Minimum vereistes vir toelating tot die tweede studiejaar:

'n Student moes **altwee** ontwikkelingsmodules geslaag het, asook ten minste 32 krediete verwerf het van die vakke gemeld in Tabel A onder par.4.2.

5.1 Verpligte ontwikkelingsmodules [64 krediete]

Kode	Module	Krediete
MTDH1508	Wiskundige geletterdheid	32
¹ EALH2508	Academic Language Course	32
OF		
² AGAH2508	Afrikaans vir akademiese doeleindes	32
¹ EALH1508 is 'n voorvereiste vir EALH2508		
² AGAH1508 is 'n voorvereiste vir AGAH2508		

5.2 Elektiewe modules / kernmodules

Studente moet 'n keuse van twee verdere vakke op eerstejaarsvlak ('n totaal van 32 krediete in elke vak) soos uiteengesit in Tabel A onder par.4.2 en Tabel B onder par.6.2.2. (Keuse van Tale) maak. [64 krediete].

5.3. Verpligte module (16 krediete)

Kode	Module	Krediete
UFS101	Voorgaadse Kernkurrikulum	16

6. DERDE STUDIEJAAR (128 krediete)

Vereistes vir voortsetting van studie na die derde studiejaar

Om tot die derde studiejaar toegelaat te word moet 'n student al die ontwikkelingsmodules geslaag het, sowel as 'n verdere 32 krediete ('n totaal van 64 vir die eerste en tweede studiejaar) van die vakke gemeld in Tabel A in par.4.2 en Tabel B in par 6.2.2. verwerf het.

6.1 Kernmodules (Hoofvakke)

'n Voortsetting van twee vakke uit Tabel A of Tabel B op tweedejaarsvlak, wat reeds in die eerste of tweede studiejaar aangebied en geslaag is [2 x 32 krediete op tweedejaarsvlak = 64 krediete].

6.2 Fundamentele modules

6.2.1 Studente moet twee verpligte kultuurvakke ('n totaal van 16 krediete in elke vak) uit die volgende lys kies (Totaal: 2 x 16 = 32 krediete). Indien reeds van hierdie vakke aangebied is, moet modules uit ander vakke uit Tabel A onder par. 4.2 of Tabel B onder par. 6.2.2, in die plek daarvan aangebied word.

Vak	Kode	Module	Krediete
Antropologie	ANTI1514	Inleiding tot Antropologie	16
	ANTC1624	Kultuur: 'n Begrip van onself en ander	16
Kunsgeskiedenis en Visuele Kultuurstudie	HKGK1514	Beeldinterpretasie in die kunsgeskiedenis	16
	HKWS1624	Die bestudering van visuele kultuur en media	16
Klassieke Mitologie	CSMT1512	Klassieke mites: die ontstaan van mites en skeppingsmites	8
	CSCC1522	Alledaagse lewe in klassieke beskawings	8
	CSMT1532	Klassieke Mites: gode, helde en monsters	8
	CSCC1542	Kuns en argitektuur in klassieke beskawings	8
Geskiedenis	HIST1514	Inleiding tot die twintigste-eeuse geskiedenis van Suid-Afrika en Afrika	16
Politieke Wetenskap	POLS1514	Inleiding tot Politieke Wetenskap	16
Filosofie	FILO1514	Inleiding in filosofie: klassieke Griekse en Romeinse filosofie	16

6.2.2 Studente moet een verpligte taalvak op eerstejaarsvlak ('n total van 32 krediete) uit Tabel B hieronder kies:

TABEL B (Tale)	Afrikaans
	Afrikaans en Nederlands
	Duits
	Engels
	Frans
	Grieks
	Hebreeus
	Latyn
	Linguistiek
	Sesotho (moedertaal)
	Sesotho (nie-moedertaal)
	Suid-Afrikaanse Gebaretaal

(Verwys na die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie reëlboek vir volledige besonderhede van modulekodes vir elke jaar van studie)

7.1 Kernmodules (Hoofvakke)

Studente kontinueer met die twee vakke uit Tabel A onder par. 4.2 of Tabel B onder par. 6.2.2 waarin reeds 64 krediete elk in die derde studiejaar verwerf is (2×64 krediete op derdejaarsvlak = 128 krediete).

BACCALAUREUS ARTIUM MET HOOFVAKKE IN BESTUUR

Kwalifikasie	Min. Studie periode	Afkorting	Studiekode	Uittreevlak
Baccalaureus Artium met hoofvakke in Bestuur	3 jaar	BA met hoofvakke in Bestuur	1391	7
Krediete:				
Kurrikulum				400
UFS101				16
CSIL1511				4
Totale krediete:				420

1. INLIGTING EN WERKSGELEENTHEDE

Die kurrikulum is ontwikkel om (i) te verseker dat suksesvolle leerders die vermoë sal besit om relevante kennis, vaardighede, beginsels en metodes in bestuur toe te pas, en (ii) om diegene wat daarvoor kwalifiseer vir nagraadse studie voor te brei. Leerders sal van genoegsame kennis voorsien word om in staat te wees om:

- hulle kritiese begrip van bestuurskennis,-vaardighede en toegepaste bevoegdhede te demonstreer;
- analitiese perspektiewe op bestuur te ontwikkel, wat geleenthede vir voortgesette persoonlike groei en lonende bydraes tot die samelewing en bedryfswese sal bied;
- hulle vermoë om bestuurstrategieë effektief te formuleer, te implementeer en te demonstreer;
- probleme en kwessies wat met bestuur verband hou en 'n invloed daarop het doeltreffend te hanteer.

'n Student moet sy/haar kurrikulum in ooreenstemming met die klas- en kamerooster en die eksamenrooster saamstel en is self verantwoordelik om seker te maak dat daar geen roosterbotsings is nie.

2. TOELATINGSVEREISTES

Die nuwe Nasionale Senior Sertifikaat geslaag het met 'n minimum toelatingspunt (TP) van 30 en onderrigtaal van keuse (Afrikaans of Engels) met minimum prestasievlak 4 (50%)

OF

'n Student moet in besit wees van 'n geëndosseerde Senior Sertifikaat en 'n M-telling van 30 punte.

2.1 Vorderingsreël

Die vereistes om voort te gaan is soos volg:

- In die eerste studiejaar moet studente 35% van die eerstejaarsmodules slaag om tot die tweede studiejaar toegelaat te word.
- In die tweede studiejaar moet studente minstens 45% van die tweedejaarsmodules slaag om tot die volgende studiejaar toegelaat te word.
- In alle ander studiejaar moet studente minstens 60% van die modules in daardie spesifieke studiejaar slaag om tot die volgende studiejaar toegelaat te word.
- Waar 'n student nie kwalifiseer om met die volgende jaar se studies te begin nie, moet die student vir die ontbrekende modules registreer en die betrokke akademiese jaar herhaal, en die student kan, met toestemming van die dekaan, 'n maksimum aantal modules by die volgende jaar se studies voeg wat, altesaam, nie meer mag wees as 'n totaal van 32 krediete meer as die normale kurrikulumvereistes vir die program in 'n spesifieke studiejaar nie.
- Voordat studente toegelaat sal word om met die volgende studiejaar van die program in die opvolgende kalenderjaar voor te gaan, moet studente wat 'n studiejaar herhaal, voldoen aan die vereistes in terme van die persentasies van modules gespesifiseer in paragrawe (a), (b) en (c).

2.2 Nasionale Vaardigheidstoetse (NVT)

'n Voornemende student wat vir 'n eerste kwalifikasie registreer, moet vooraf die Akademiese en Kwantitatiewe Geletterdheidstoets aflê. Indien daar nie aan die gestelde vereistes van die Nasionale Vaardigheidstoetse voldoen is nie (Akademiese Geletterdheid $\geq 64\%$), of die uitslae daarvan nie voorgelê kan word nie, sal registrasie vir die toepaslike taalontwikkelingsmodule (EALH1508/AGAH1508) verpligtend wees. Die krediete van hierdie module is addisioneel tot die krediete van die kwalifikasie. 'n Kwalifikasie word nie toegeken indien die verpligte ontwikkelingsmodule nie geslaag is nie.

3. KURRIKULUM

'n Student vir die graad BA (Bestuur) moet die kurrikulum met inagneming van die fakulteits- en algemene reëls en ooreenkomstig die uiteensetting hieronder saamstel.

Samestelling van die Kurrikulum

Die kurrikulum is saamgestel as volg oor drie jaar:

- (1) Verpligte vaardighedsmodules: 16 krediete.
- (2) Fundamentele modules: Kultuur: 32 krediete.
- (3) Fundamentele modules: Taal: 32 krediete.
- (4) Verpligte Kernmodules: $64 + 64 + 136 = 264$ krediete.
- (5) Elektiewe modules: 56 Krediete

Addisionele verpligte modules:

- (6) Rekenaargeletterdheid module: (4 krediete)
- (7) UFS101: Verpligte voorgraadse kernkurrikulum (16 krediete)

4. EERSTE STUDIEJAAR (148 krediete)

4.1 Kernmodules

4.1.1 Studente neem albei die volgende modules (32 krediete). Let wel: Ondernemingsbestuur is een van die hoofvakke.

Vak	Kode	Module	Krediete
Ondernemingsbestuur	EBUS1514	Besigheidsfunksies	16
	EBUS1624	Algemene Bestuur	16

4.1.2 Studente moet 'n tweede hoofvak kies uit Tabel A hieronder (32 krediete op eerstejaarsvlak)

TABEL A (Hoofvak 2)	Antropologie
	Filosofie
	Geskiedenis
	Politieke Wetenskap
	Sosiologie

(Verwys na die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie reëlboek vir volledige besonderhede van modulekodes vir elke jaar van studie)

4.2 Fundamentele modules

4.2.1 Studente moet een taalvak op eerstejaarsvlak kies uit die opsies in Tabel B hieronder (32 krediete).

TABEL B (Tale)	Afrikaans
	Afrikaans en Nederlands
	Afrikaans vir die professies
	Duits
	Engels
	English Skills
	Frans
	Sesotho (moedertaal)
	Sesotho (nie-moedertaal)
	Suid-Afrikaanse Gebaretaal
	Taalpraktyk

(Verwys na die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie reëlboek vir volledige besonderhede van modulekodes vir elke jaar van studie)

4.3 Elektiewe modules

Studente moet een module uit die onderstaande lys kies (16 krediete).

Vak	Kode	Module	Krediete
Bedryfskommunikasie	BKO134	Bemarkingskommunikasie	16
	BKO144	Handelsmerkbestuur	16
Kommunikasie	KOM124	Interkulturele kommunikasie	16

4.4 Verpligte Vaardigheidsmodules

Studente moet die volgende verpligte module neem (16 krediete).

Kode	Module	Krediete
EFEF1624	Persoonlike Finansies	16

4.5 Verpligte module (16 krediete)

Kode	Module	Krediete
UFS101	Voorgraadse Kernkurrikulum	16

4.6 Rekenaargeletterdheid

LW Daar word van alle studente verwag om die promoveringstoets in CSIL1511 af te lê vóór die aanvang van die lesings in hul eerste jaar van studie. Studente wat die promoveringstoets met ten minste 70% slaag, sal vrystelling van klasbywoning vir CSIL1511 ontvang, maar moet steeds vir die module registreer. Hierdie module is 'n voorvereiste vir die suksesvolle voltooiing van 'n graad in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat.

Kode	Module	Krediete
CSIL1511	Rekenaargeletterdheid: Deel I	4

5. TWEEDE STUDIEJAAR (136 krediete)

5.1 Kernmodules

5.1.1. Studente kontinueer met Ondernemingsbestuur in die tweede studiejaar en moet beide onderstaande modules neem (32 krediete).

Vak	Kode	Module	Krediete
Ondernemingsbestuur	EBUS1614	Fundamentele besigheidsaktiwiteite	16
	EBMA2624	Persoonlike verkope	16

5.1.2. Studente kontinueer op tweedejaarsvlak met die modules van **een** van die vakke vanuit Tabel A onder par. 4.1.2, wat in die eerste jaar as hoofvak gekies is en reeds geslaag is (32 krediete).

5.2 Fundamentele modules

Studente moet enige twee kultuurmodules uit die onderstaande lys kies (2 x 16 = 32 krediete).

Vak	Kode	Module	Krediete
Antropologie	ANTI1514	Inleiding tot Antropologie	16
	ANTC1624	Kultuur: 'n Begrip van onself en ander	16
Kunsgeskiedenis en Visuele Kultuurstudie	HKGK1514	Beeldinterpretasie in die kunsgeskiedenis	16
	HKWS1624	Die bestudering van visuele kultuur en media	16
Klassieke Mitologie	CSMT1512	Klassieke mites: die ontstaan van mites en skeppingsmites	8
	CSMT1532	Klassieke Mites: gode, helde en monsters	8
	CSCC1522	Alledaagse lewe in klassieke beskawings	8
	CSCC1542	Kuns en argitektuur in klassieke beskawings	8

Vak	Kode	Module	Krediete
Geskiedenis	HIST1514	Inleiding tot die twintigste-eeuse geskiedenis van Suid-Afrika en Afrika	16
	HIST1624	Twintigste-eeuse wêreldgeskiedenis	16
Politieke Wetenskap	POLS1514	Inleiding tot Politieke Wetenskap	16
	POLS1524	Inleiding tot die wereldpolitiek en globale regeerkunde	16
Filosofie	FIL01514	Inleiding in filosofie: klassieke Griekse en Romeinse filosofie	16
	FIL01624	Die Kerkvaders en die Middeleeue: Historiese en begripsmatige oorsig	16

5.3 Elektiewe modules

Studente moet modules ter waarde van 40 krediete vanuit onderstaande lys kies:

Vak	Kode	Module	Krediete
Ondernemingsbestuur	ENOV2624	Innovasiebestuur	16
Bedryfskommunikasie	BKO254	Handelsmerkbestuur	16
Bedryfsielkunde	ELRM2624	Arbeidsverhoudinge	16
Arbeidsreg	LLBR2614 / LLBR2624	Arbeidsreg	16
Ondernemingsvormereg	LBEN3714 / LBEN3724	Ondernemingsvormereg	16
Handelsreg	LMER1514 / LMER1524	Kommersiële Reg	16
Openbarebestuur	EMMA2614	Munisipale Bestuur en Administrasie	16
	EPAM1624	Publieke Administrasie en Bestuur in Aksie	16

6. DERDE STUDIEJAAR (136 krediete)

6.1 Kernmodules

6.1.1. Studente moet kontinueer met die een hoofvak soos aangedui hieronder (40 krediete).

Vak	Kode	Module	Krediete
Ondernemingsbestuur	Verpligte modules:		
	EBUS2715 ¹	Strategiese bestuur	20
	EBMA3715 ²	Strategiese bemarking	20
	Plus enige twee van die volgende (minstens 32 krediete):		
	EBMA3724	Verhoudingsbemarkingsbestuur	16
	ESBM2724	Klein onderneming Bestuur Small business management	16
	EBUS2714	Entrepreneurskap	16
Voorvereistes: ¹ EBUS1624 ² EBUS1614			

6.1.2. Studente kontinueer met die modules op derdejaarsvlak van die tweede hoofvak wat gekies is uit Tabel A onder par. 4.1.2 en reeds suksesvol op eerstejaarsvlak en tweedejaarsvlak geslaag is (64 krediete).

BACCALAUREUS ARTIUM MET HOOFVAKKE IN GEOGRAFIE EN OMGEWINGSBESTUUR

Kwalifikasie	Min. Studie periode	Afkorting	Studiekode	Uittreevlak
Baccalaureus Artium met hoofvakke in Geografie en Omgewingsbestuur	3 jaar	BA met hoofvakke in Geografie en Omgewingsbestuur	1303	NKR 7
Krediete:				
Kurrikulum UFS101				392
				16
Totale krediete:				408

1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Gegradueerdes kan aangestel word deur die Staat, nie-regerings-organisasies en in die privaatsektor as geografe, ontwikkelings-beplanners en -bestuurders, grondgebruik beplanners, stedelike bestuurders, omgewingsbestuurders en Geografiese Inligtingstelsels (GIS) gebruikers.

2. TOELATING TOT DIE GRAAD

Die algemene toelatingsvereistes van die Universiteit geld vir registrasie in hierdie program.

Om GEOP1514 (een van die hoofvakke) aan te bied, moet 'n student Wiskunde Graad 12, prestasievlak 4 (50%) geslaag het.

2.1 Vorderingsreël

Die vereistes om voort te gaan is soos volg:

- In die eerste studiejaar moet studente 35% van die eerstejaarsmodules slaag om tot die tweede studiejaar toegelaat te word.
- In die tweede studiejaar moet studente minstens 45% van die tweedejaarsmodules slaag om tot die volgende studiejaar toegelaat te word.
- In alle ander studiejaar moet studente minstens 60% van die modules in daardie spesifieke studiejaar slaag om tot die volgende studiejaar toegelaat te word.
- Waar 'n student nie kwalifiseer om met die volgende jaar se studies te begin nie, moet die student vir die ontbrekende modules registreer en die betrokke akademiese jaar herhaal, en die student kan, met toestemming van die dekaan, 'n maksimum aantal modules by die volgende jaar se studies voeg wat, altesaam, nie meer mag wees as 'n totaal van 32 krediete meer as die normale kurrikulumvereistes vir die program in 'n spesifieke studiejaar nie.
- Voordat studente toegelaat sal word om met die volgende studiejaar van die program in die opvolgende kalenderjaar voort te gaan, moet studente wat 'n studiejaar herhaal, voldoen aan die vereistes in terme van die persentasies van modules gespesifiseer in paragrafe (a), (b) en (c).

2.2 Nasionale Vaardigheidstoetse (NVT)

'n Voornemende student wat vir 'n eerste kwalifikasie registreer, moet vooraf die Akademiese en Kwantitatiewe Geletterdheidstoets aflê. Indien daar nie aan die gestelde vereistes van die Nasionale Vaardigheidstoetse voldoen is nie (Akademiese Geletterdheid $\geq 64\%$), of die uitslae daarvan nie voorgelê kan word nie, sal registrasie vir die toepaslike taalontwikkelingsmodule (EALH1508/AGAH1508) verpligtend wees. Die krediete van hierdie module is addisioneel tot die krediete van die kwalifikasie. 'n Kwalifikasie word nie toegeken indien die verpligte ontwikkelingsmodule nie geslaag is nie.

3. KURRIKULUM

Die drie studiejare van die kursus is elkeen saamgestel uit (1) verpligte modules waarvan Geografie een hoofvak is met voorvereistes; en (2) beperkte keusemodules wat studente in staat stel om 'n keuse uit die voorgeskrewe modulelys te maak.

4. EERSTE STUDIEJAAR (152 krediete)

4.1 Verpligte modules (32 krediete)

Studente moet al die modules in die onderstaande lys neem.

Kode	Module	Krediete
¹ GEOP1514	Inleiding tot Fisiese Geografie	16
² GEOH1624	Inleiding tot Menslike Geografie	16
¹ Graad 12 Wiskunde prestasievlak 4 ² GEOP1514		

4.2 Studente moet die volgende verpligte vaardigheidsmodules neem (8 krediete)

Kode	Module	Krediete
CSIL1511	Rekenaargeletterdheid: Deel I	4
CSIL1521	Rekenaargeletterdheid: Deel II	4

4.3 Beperkte keusemodules (Kultuurmodules) (32 krediete)

Studente moet een van die volgende eerstejaarsvakke neem, gelys in Tabel A hieronder:

TABEL A	Antropologie
	Geskiedenis
	Politieke Wetenskap

(Verwys na die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie reëlboek vir volledige besonderhede van modulekodes vir elke jaar van studie)

4.4 Taalmodules (32 krediete)

Studente moet die volgende taalvak neem.

Kode	Module	Krediete
ENGS1608	English Skills	32

4.5 Beperkte keusemodules (32 krediete)

Studente moet een van die volgende eerstejaarsvakke neem soos gelys in Tabel B hieronder:

TABEL B	Kommunikasiekunde
	Ondernemingsbestuur
	Publieke Administrasie en Bestuur (slegs vanaf die tweede jaar)
	Sosiologie

(Verwys na die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie reëlboek vir volledige besonderhede van modulekodes vir elke jaar van studie)

4.6 Verpligte module (16 krediete)

Kode	Module	Krediete
UFS101	Voorgaadse Kernkurrikulum	16

5. TWEDE STUDIEJAAR (128 krediete)

5.1 Verpligte modules (64 krediete)

Studente moet **al** die onderstaande modules neem.

Kode	Module	Krediete
¹ GEOH2614	Behuising en Stedelike Ontwikkeling	16
² GEOP2614	Prosesgeomorfologie	16
² GEOP2624	Omgewings- en Klimaatstudies	16
³ GISC2624	Inleiding tot Geografiese Inligtingstelsels	16
¹ GEOH1624 ² GEOP1514 ³ GEOP1514 en GEOH1624		

5.2 Verdere tweedejaar modules (64 krediete)

Studente moet op tweedejaarsvlak voortgaan met enige twee van die vakke soos gekies in Tabel A (par. 4.3) of Tabel B (par. 4.5) wat reeds op eerstejaarsvlak geslaag is. (2 x 32 = 64 krediete).

Let wel: Ondernemingsbestuur word geag as kredietdraend vir die eerste jaar indien Publieke Administrasie of Publieke Bestuur tot op derde jaar vlak geneem word as elektief.

6. DERDE STUDIEJAAR (128 krediete)

6.1 Verpligte modules (64 krediete)

Studente moet die volgende verpligte module neem:

Kode	Module	Krediete
GEOP3724 ¹	Omgewingsbestuur en -analiese	16

Studente moet drie van die volgende modules neem:
(48 krediete).

Kode	Module	Krediete
*GEOH3714 ²	Toegepaste stedelike en ruimtelike transformasie	16
GEOP3714 ³	Omgewingsgeomorfologie	16
GEOH3724 ²	Landelike Geografie	16
GISC3724 ⁴	Geografiese Inligtingstelsels	16
¹ GEOP2624 ² GEOH2614 ³ GEOP2614 ⁴ GISC2624		

6.2 Beperkte keusemodules (64 krediete)

Studente moet op derdejaarsvlak voortgaan met minstens een van die vakke (64 krediete) vanuit Tabel A (par.4.3) of Tabel B (par. 4.3) wat reeds op eerste- en tweedejaarsvlak geslaag is.

BACCALAUREUS ARTIUM IN TAALPRAKTYK

Kwalifikasie	Min. Studie periode	Afkorting	Studiekode	Uittreevlak
Baccalaureus Artium in Taalpraktyk	3 jaar	BA (Taalpraktyk)	1323	NKR 7
Krediete:				
Kurrikulum				376
UFS101				16
CSIL1511				4
Totale krediete:				396

1. LOOPBAANGELEENTHEDE

Die Baccalaureus Artium in Taalpraktyk is 'n markgedrewe kwalifikasie wat benewens die nodige akademiese opleiding praktiese ervaringsleer insluit en deur professionele taalpraktisyne en -spesialiste aangebied word. Kandidate kry die unieke geleentheid om hulle voor te berei vir 'n beroep as taalpraktisyn, hetsy as vertaler, tolk (skakeltolk of geregstolk), taaltegnoloog, taalbestuurder of taalentrepreneur.

2. STUDIERIGTING EN STUDIEKODE

BA Taalpraktyk: 3 jaar – Studiekode 1323

3. KURRIKULUM

Die kurrikulum word soos volg saamgestel:

- (1) Verpligte modules vir elke studiejaar (96 krediete) en wel soos volg:
 - a. Modules in Taalpraktyk (48 krediete)
 - b. Modules in Linguistiek (16 krediete)
 - c. Modules in twee tale (32 krediete)
- (2) Beperkte keusemodules vir elke studiejaar (32 krediete), wat soos volg saamgestel word:
 - a. Ten minste 72 krediete in 'n aanbevole rigting, versprei oor drie jaar
 - b. Ten minste 24 krediete van basiese vaardigheidsmodules, versprei oor twee jaar.

3.1 Vorderingsreël

Die vereistes om voort te gaan is soos volg:

- (a) In die eerste studiejaar moet studente 35% van die eerstejaarsmodules slaag om tot die tweede studiejaar toegelaat te word.
- (b) In die tweede studiejaar moet studente minstens 45% van die tweedejaarsmodules slaag om tot die volgende studiejaar toegelaat te word.
- (c) In alle ander studiejaar moet studente minstens 60% van die modules in daardie spesifieke studiejaar slaag om tot die volgende studiejaar toegelaat te word.
- (d) Waar 'n student nie kwalifiseer om met die volgende jaar se studies te begin nie, moet die student vir die ontbrekende modules registreer en die betrokke akademiese jaar herhaal, en die student kan, met toestemming van die dekaan, 'n maksimum aantal modules by die volgende jaar se studies voeg wat, altesaam, nie meer mag wees as 'n totaal van 32 krediete meer as die normale kurrikulumvereistes vir die program in 'n spesifieke studiejaar nie.
- (e) Voordat studente toegelaat sal word om met die volgende studiejaar van die program in die opvolgende kalenderjaar voor te gaan, moet studente wat 'n studiejaar herhaal, voldoen aan die vereistes in terme van die persentasies van modules gespesifiseer in paragrawe (a), (b) en (c).

3.2 Nasionale Vaardigheidstoetse (NVT)

'n Voornemende student wat vir 'n eerste kwalifikasie registreer, moet vooraf die Akademiese en Kwantitatiewe Geletterdheidstoets aflê. Indien daar nie aan die gestelde vereistes van die Nasionale Vaardigheidstoetse voldoen is nie (Akademiese Geletterdheid $\geq 64\%$), of die uitslae daarvan nie voorgelê kan word nie, sal registrasie vir die toepaslike taalontwikkelingsmodule (EALH1508/AGAH1508) verpligtend wees. Die krediete van hierdie module is addisioneel tot die krediete van die kwalifikasie. 'n Kwalifikasie word nie toegeken indien die verpligte ontwikkelingsmodule nie geslaag is nie.

4. EERSTE STUDIEJAAR (148 krediete)

4.1 Verpligte modules (96 krediete)

4.1.1 Taalpraktyk (48 krediete)

Kode	Module	Krediete
TPP114	Inleiding tot vertaling	16
TPP124	Rekenaargesteunde vertaling en terminologiebestuur	16
TPP144	Taalbeleid, taalregte en die taalprofessie	16

4.1.2 Linguistiek (16 krediete)

Kode	Module	Krediete
HLIN1514	Basiese konsepte in linguistiek	16

4.1.3 Tale (32 krediete)

Kandidate moet **twee tale** aanbied en wel soos volg:

- Ten minste 16 krediete uit modules in **Engels**
Plus
- Ten minste 16 krediete uit modules in die volgende:
 - Afrikaans
 - Afrikaans en Nederlands
 - Duits
 - Frans
 - Suid-Afrikaanse Gebaretaal
 - Sesotho
 - Enige ander taal, onderhewig aan goedkeuring.

(Verwys na die alfabetiese lys van vakke agter in hierdie reëlboek vir volledige besonderhede van modulekodes vir elke jaar van studie)

4.2 Elektiewe (32 krediete)

Studente kies **twee** relevante vakke in oorleg met die programdirekteur, mits daar nie klasroosterbotsings is nie en bied 16 krediete elk daarin aan. Ten minste nog 40 krediete moet in die tweede- en derde studiejaar in een van hierdie vakke aangebied word:

4.3 Verpligte module (16 krediete)

Kode	Module	Krediete
UFS101	Voorgaadse Kernkurrikulum	16

4.4 Rekenaargeletterdheid

LW Daar word van alle studente verwag om die promoveringstoets in CSIL1511 af te lê vóór die aanvang van die lesings in hul eerste jaar van studie. Studente wat die promoveringstoets met ten minste 70% slaag, sal vrystelling van klasbywoning vir CSIL1511 ontvang, maar moet steeds vir die module registreer. Hierdie module is 'n voorvereiste vir die suksesvolle voltooiing van 'n graad in die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat.

Kode	Module	Krediete
CSIL1511	Rekenaargeletterdheid: Deel I	4

5. TWEEDE STUDIEJAAR (112 krediete)

5.1 Verpligte modules (96 krediete)

5.1.1 Taalpraktyk (48 krediete)

Kode	Module	Krediete
TPP244	Dokumentontwerp en webwerfontwikkeling	16
TPP224	Die teorie en praktyk van kreatiewe vertaling	16
TPP234	Die professionele, kulturele en sosiolinguistiese aspekte van tolking	16

5.1.2 Linguistiek (16 krediete)

Die kandidaat bied **een** module uit die volgende aan:

Kode	Module	Krediete
HLIN1514	Basiese konsepte in linguistiek	16
ENG1624	Kritiese Lees, Skryf en Ontleding van Tekste	16
HLIN2614	Fonologie, morfologie en sintaksis	16
HLIN2624	Taalsosiologie en -politiek	16
HLIN3718	Semiotiek, semantiek en pragmatiek	32
ENG3728	Kritiese Diskoers Ontleding en die Studie van Aanlyn Kommunikasie in Engels	32

5.1.3 Tale (32 krediete)

Voortsetting van die twee tale aangebied in die eerste studiejaar.

5.2 Elektiewe (16 krediete)

Voortsetting van ten minste 16 krediete in die een vak gekies in die eerste studiejaar.

6. DERDE STUDIEJAAR (136 krediete)

6.1 Verpligte modules (96 krediete)

6.1.1 Taalpraktyk (48 krediete)

Kode	Module	Krediete
TPP314	Die teorie en praktyk van die vertaling van algemene kommunikatiewe tekste	16
TPP334	Teksredaksie (Teorie en praktyk)	16
TPP364	Tolking (Teorie en praktyk)	16

6.1.2 Linguistiek (16 krediete)

Een module wat nie reeds aangebied is nie uit die modules gelys in die tweede studiejaar.

6.1.3 Tale (32 krediete)

Voortsetting van die twee tale aangebied in die tweede studiejaar.

6.2 Elektiewe (40 krediete)

Voortsetting van ten minste 40 krediete in die een vak gekies in die eerste studiejaar.

PROGRAM VIR DIE KUNSTE

DRAMA EN TEATERKUNS

BACCALAUREUS ARTIUM IN DRAMA EN TEATERKUNS

Kwalifikasie	Min. Studie periode	Afkorting	Studiekode	Uittreevlak
Baccalaureus Artium in Drama en Teaterkuns	3 jaar	BA (Drama en Teaterkuns)	1311	NKR 7
Krediete:				
Kurrikulum				360
UFS101				16
CSIL1511				4
Totale krediete:				380

1. INLIGTING EN LOOPBAANGELEENTHEDE

Die graad BA (Drama en Teaterkuns) is markverwant en uitkomsgebaseerd. Gegradeerdes is toegerus vir 'n loopbaan as senior professionele akteur; regisseur; ontwerper; skrywer; tegniese teaterkonsultant op die amateur en professionele verhoog, vir televisie, film of gemeenskapswerk; regisseur of akteur in industriële teaterprojekte in die privaatsektor; kulturele werker binne die gemeenskap; radio-omroeper; stemkunstenaar; tutor van drama en toneel in privaatateljees; onderwyser, indien 'n ekstra skoolvak tot op tweedejaar vlak geneem, en NGOS in die vierdejaar voltooi word; dosent by kolleges; en met verdere kwalifikasies, 'n universiteitsdosent.

2. TOELATING

Studente wat vir die BA(Drama- en Teaterkuns) program wil registreer, moet 'n geëndosseerde Seniorsertifikaat en 'n M-telling van minstens 30 punte hê.

OF

Die nuwe Nasionale Seniorsertifikaat suksesvol voltooi het met 'n toelatingspunt (TP) van 30 en taal van onderrig (Afrikaans of Engels) met 'n minimum prestasievlak van 4 (50%).

Die Departement Drama- en Teaterkuns behou die reg voor om 'n oudisie van enige voornemende studente aan te vra.
(Kontak die Departement van Drama en Teaterkuns 051-401 2815)

2.1 Nasionale Vaardigheidstoetse (NVT)

'n Voornemende student wat vir 'n eerste kwalifikasie registreer, moet vooraf die Akademiese en Kwantitatiewe Geletterdheidstoets aflê. Indien daar nie aan die gestelde vereistes van die Nasionale Vaardigheidstoetse voldoen is nie (Akademiese Geletterdheid $\geq 64\%$), of die uitslae daarvan nie voorgelê kan word nie, sal registrasie vir die toepaslike taalontwikkelingsmodule (EALH1508/AGAH1508) verpligtend wees. Die krediete van hierdie module is addisioneel tot die krediete van die kwalifikasie. 'n Kwalifikasie word nie toegeken indien die verpligte ontwikkelingsmodule nie geslaag is nie.

3. UITTREEVLAK-UITKOMSTE

Na voltooiing van die kwalifikasie sal studente in staat wees om:

- Konsepte te skep oor individue, menslike verhoudings, maatskaplike bewussyn en die omgewing;
